Getuienis in Waarheid en Wandel

G. J. du Preez 072 1876 076

Getuienis in waarheid en wandel.

1) Die waarheid het ons begin verstaan (*ontvang*) die dag toe ons ouers dit aan ons oorgedra het.Waarheid is nooit in stryd met die werklikheid nie omdat dit "juis" en soms sigbaar is. 1Pet.1:22
2) Liefde het ook dieselfde pad geloop, maar met die verskil dat dit op 'n vroeëre stadium in jou as baba reeds gegee was. Liefde is aangenaam en roep uit om bemin te word. Joh.17:26
3) Lewe is onbewustelik; 'n Spontane aanname deur die mens; Die mens geniet lewe asof dit maar net daar was. Deur die genieting van lewe gee dit die gees en siel 'n gevoel van 'n "vleeslike" bestaan. Deur lewe laat dit die vlees *(sintuie)* in kontak kom met die gees en siel. Joh.6:35

Waarhede het jy ontvang by jou ouers en jy het moontlik baie daarteen gerebelleer omdat jy jou eie sieninge na vore wou bring; So ook met liefde en lewe. Die mens wat teen alles rebelleer kom daar kwaad in om hulle plek in die liggaam in te neem en om jou as mens/liggaam oor te neem.

a) Kwaad wil altyd eerste wees,
b) Kwaad is traak-my-nie agtig,
c) Kwaad praat sleg van andere,
d) Kwaad is nooit tevrede nie,
e) Kwaad is ongasvry,
f) Kwaad verwerp maklik andere.

Kwaad is die teenoorgestelde wat jy ontvang het en gaan sy plek inneem in jou lewe; So stel jy jouself oop om sleg te ontvang vir goed *(Eie ek/wil*).

Weet dat VADER Lig is en geen duisternis in Hom is nie. Indien jy in die duisternis gewandel het moet jy met oortreding besef bely met smekinge sodat jy gewas kan word en bevry word deur die bloed van YAHUSHA Dié Gesalfde. YAH sal jou vergeef/bevry sodat jy weer met die Lig gemeenskap kan hê *(Open.1:5)*.
Na belydenis en afwassing kry waarheid, liefde en lewe dadelik hulle intrek in jou hart. Omrede jy ongekend is met hulle gaan daar nou 'n leerproses moet ontstaan met hulle sodat hulle permanent in jou hart gehuisves kan word. YAHUSHA dié Gesalfde is die beginpunt van jou nuwe lewe. Met die ondersteunende hulp van VADER sal jy uitstraal wat YAHUSHA verteenwoordig (1 Joh.2:24).
Die nuwe lewe waarin jy nou gaan wandel is al lankal daar. Lewe was daar voor die begin van tyd en het in aanskouing gekom sodat "YAH" aangeraak kan word. YAH het gespreek sodat Lewe gehoor kan word (YAHUSHA). Openbaring van dié lewe kom van die VADER (*Wat die Lewe is*) in Sy Seun en Hy in ons. Die Lewe is nie sigbaar nie, maar wel binne in ons. Ons moet nou die Lewe openbaar sodat almal deel daaraan kan hê (Luk.17:21).

Om in die waarheid te wandel is net vir Yashar'EL. Die waarheid wandelaars (Yashar'EL) is nie in stryd met die werklikheid nie. Hulle is wesentlike *(soos 'n lewende wese)* en bestaan regtig en is eerbaar. Om in die waarheid te wandel moet ons belangstel om die Wette te ken en te onderhou. Matt.5:17,18 22:37–40; Joh.1:17; Jak.4:11,12; 1 Joh.3:4. 2 Joh. 1:1–4;

As daar 'n begeerte in jou brand om meer te weet oor die waarheid moet 'n geboorte van bo plaasvind Joh. 3:5,6; 3:34; 6:57; Die geboorte is net vir Yashar'EL (die 12 stamme).Dié uitverkore bloedlyn(*Adamiete*)het die Gees/asem ontvang met geboorte en daarom die brandende begeerte. Al die ander volke kan dit nie besit nie, want dit is net in Adam ingeblaas. Nuuskierig en jaloers is die andere, maar dis net vir die wat Sy stem kan hoor Mal.2:15; Joh.8: 32,43,44; 14:16,17; 15:26; 18:37,38.
Yashar'EL wat gebore is in die bloedlyn ontvang die Gees (*Ontwaking*) met mate. Toe YAHUSHA op Sy dissipels geblaas het was hulle gevul met "Lewende water". Met ontwaking sal ons die VADER en SY Seun leer ken. *Eseg.39:29; Jes.59:21; Joh. 20:21,22; 1 Joh. 3:23,24; 4:6,12–14; 5:6–8.*

Ons as Yashar'EL is besig om mekaar te leer dat die waarheid net aan die twaalf stamme moet gaan (*oral waar ons volk ook al verspreid geraak het oor die hele aarde*). Ons weet dat daar behoorlik duisende bewyse is dat die Skrif net vir Yashar'EL is.
'n Vraag of twee: Wie hou ons so besig rondom die onderwerp?
Watse opdragte en take het YAHUSHA ons gegee om te gaan doen?
Was dit nie oor die waarheid nie soos: *Gaan maak vir My dissipels of gaan en verkondig die evangelie van die Koninkryk*. Ons is op die ou end so hard besig met die afgesonderdheid dat ons op die ou end nie by die kern van die saak bly nie. Ons moet tog bly by die 'Waarheid' Joh.18:37-39.
Weet Yashar'EL wat die waarheid is? Die Romeinse keiser wou ook graag geweet het Joh.18:38. Die waarheid word so ±80 keer net in die Nuwe Testament beklemtoon. *Joh.3:21. sê: "hy wat die waarheid doen, kom na die lig"* .
Die waarheid is net vir Yashar'EL, dié afgesonderde, die Wet en Verordinering houer. Ons is afgeskei van alle volke, en YAH is met ons. Daarom moet ons nou in die waarheid wandel *Ps.86:11; 2Joh.1:4; 3Joh.1:3,4.*
Om die vraag oor wat die waarheid is te antwoord is:
Met geboorte het jy reeds dié Gees van VADER ontvang,maar die gees is latent. Die gees sal uit sy sluimering kom met besef van Wetsoortreding. Na die besef moet inkering, bekering en die doop volg. Na die doop is die gees oop/gereed vir sy nuwe ontvangs van die gawe van VADER *(Wat onthou moet word is dat geboorte van bo eers volg in die 1000 jaar van vrede).*
Enige ouderdom kan 'n dissipel /student wees vir VADER *(Hy moet net groot genoeg wees om Wetsoortreding besef te hê).*

Koninkryk kinders

Kinders van die Koninkryk is onbekend by die kinders van die wêreld. Wêrelds kinders is dienende in hulle eie koninkryk en het geen begeerte vir iets anders as wat hulle reeds het nie. YAHUSHA sal ook nie toelaat dat die wêreld / duisternis in VADER se Koninkryk inkom nie.

In elke koninkryk ken die kinders hulle koning en sy heerskappy. Die wêrelds kinders ken al hulle aanbidding plekke wat hulle gereeld besoek en dien soos: nagklubs, seks huise, blou films, rock sang groepe, drank misbruik, rook, okkultisme en sommer nog baie ander aardse skatte wat hulle van hulle koning Lucifer ontvang het. Hulle het geen wette wat onderhou moet word nie (*Daarom is hulle nie wetsoortreder nie*) dus wetteloos en daarom is hulle vry om te doen wat hulle wil (*Do what thow wilt*). Wettelose kinders haat wat reg is, want hulle vader is dié vader van ongeregtigheid. Hulle baar net vrees, en vrees haat, liefde en geregtigheid.

Die oë van 'n mens is die vensters vir die siel, en die hart is die deur na dié Tempel. Deur daardie opening gaan Ha satans mag, tog wil YAHUSHA dié Gesalfde hê dat jy daardie weg na hom draai sodat Hy kan heers binne in jou. Om vanuit jou te heers moet Hy al die gebooie en geregtigheid daar vind vir Sy gebruik in Sy heerskappy. Ken dié gebooie sodat Hy by jou kan intrek om permanent by jou te kan woon. Kinders van VADER is onder Sy guns, waarvan Hy die Gebooie in hulle plaas as hulp en ondersteuning. Sy kinders ken die gebooie en hulle kennis van reg kom daardeur. Deur YAHUSHA onderhou ons die Wette. Indien jy jou hart sluit is YAHUSHA se goedgunstigheid afwesig. Sonder Hom is jy nou direk onder die Wet, en daarvolgens sal jy geoordeel word.
In YAHUSHA het VADER Homself openbaar om HOM uit te beeld. YAHUSHA dié Gesalfde wil ook in ons as Sy uitverkorene geopenbaar word. Daarom noem Hy ons kinders van die Lig en daarbenewens is Sy kinders ook maklik uitkenbaar. Sy kinders moet hulle hele hoop op YAHUSHA plaas en daardeur reinig hulle hulself. Hoekom? Want Hy is "Rein". Hulle streef na geregtigheid en om te doen wat VADER behaag, sodat Sy liefde hulle kan bedek en beskerm. VADER is Liefde en hy wat in dié Liefde bly, bly in YAHUSHA, en dié Rein Gees van VADER in hom Joh.15:9,10; 1Joh3:17;4:12.

Liefde ken geen vrees. Vrees vlug vir volmaakte liefde, want vrees staan onder die oordeel van liefde. Baie ontvang liefde, maar vertroetel vrees en daardeur kom onvolmaakte liefde. Bewaar jouself in dié Gees van VADER (*YAHUSHA*) dat die Waaragtige Lig en Liefde uit jou kan straal sodat vrees en die bose kan vlug. Matt.18:1- 6; Joh.5:24; 6:35 - 48; 7:38; 11:25,26; 12:44 - 46; 14:1 – 12;

Insluiper

Ons in die gemeenskaplike (12 seuns) redding moet kragtig stry vir die geloof wat reeds daar is. Insluiper is skandvlekke in die vergadering van die 'reines'. Hulle kom daarin om te roof en te steel *(luister).* Hulle stel hulself voor as boodskappers van die lig en spreek dan vleitaal terwille van eie voordeel. As 'n gees-vervulde jou nader en spreek, stel hom op die proef en bepaal dan of dit van YAH of van die wêreld is. Bid dat YAH julle oë sal open dat julle die insluiper kan identifiseer wat die geloof verdoesel/verdraai en skeuring veroorsaak in samekomste (*Juda.1:11-13; 2 Pet.2:12-14*).

'n Insluiper sê: (1) Jy het jou eie reg; Wees los en weg van die Wet (Joh.17:18) (2) Sien nie fout met liberalisme nie (Jer.13:23; Num.25:6-9). (3) Hulle is wensdenkers; Versoek en verlei geredde kinders om hulle wense te deel (3) Hulle verag YAHUSHA as toekomstige Koning daarom laster hulle teen Hom en Sy volgers (*hulle verstaan dit nie Juda.1:8*) (4) Hulle kla en murmureer baie oor hulle toestand *(Bejammerenswaardig* Juda.1:16) (5) Hulle wil altyd moderniteit/verandering teweegbring (Jak.1:17) (6) Hulle soek na 'n weg om in YAHUSHA se koninkryk in te kom (Open.21:12,27) (7) Hulle is vol van bose geheimenisse *(Vrymesselary & Broederbond In Spr.6:12 'n Deugniet, 'n kwaaddoener is hy wat met 'n valse mond rondloop, 6:13 wat met sy oë knip, met sy voete beduie, met sy vingers tekens gee; 6:14 in wie se hart valse streke is, wat altyd onheil bewerk en tweedrag saai. Lees ook die hele Spr.12) (8) Hulle* soek vryheid, gelykheid en broederskap (9) Insluiper is daardie soort wat 99% waarheid aan jou verkondig en 1% valsheid *(Hulle noem hulself die stoute kinders van VADER; Soos 'n druppel water in 'n glas melk is hulle 1 Pet.2:2; Mark.7:21-23).*

Die anti Nasaréner 2 Joh.7 (In die plek van dié Gesalfde)

Anti Nasaréner is 'n vreemde entiteit, wat mense wil beheer. Die doel van 'n anti Nasaréner is om eenheid in taal, geld, godsdiens. Hulle wil bv. beheer oor hofsake hê sodat eiegeregtigheid/verbastering vrylik kan gebeur. Hulle sal onder 'n titel gaan soos bv: Sekretaris-generaal van die VVO, die Pous of 'n prins van 'n bekende land. Die anti Nasaréner gaan die wêreld in 'n groot armoede indompel wat wanhoop en vernietiging teweeg gaan bring. Die wêreld gaan 'n groot begeerte na 'n super regeerder hê waar die anti Nasaréner hulleself as helpers sal aanbied. Die anti Nasaréner sal herken word as direkte verteenwoordigers van Ha satan homself. Hulle gaan hulself vermom dat hulle lyk soos ons aardbewoners en hulle sal ook die karaktereienskappe hê van 'n goeie wyse heerser. Ons sal eers die anti Nasaréner werklik as persoon sien wanneer al hierdie dinge hierbo gemanifesteer het.

Die woord anti beteken om teenoorgestelde te wil wees of om teenstand te bied. Webster woordeboek sê: "in die plek van". So alles wat YAH is sal die duiwel die teenoorgestelde wil wees en so ook in YAH se plek wil wees. In die plek van dié Naam van vader het Ha satan saad hul koning sin geplaas "H*re". Kyk gerus in enige goeie woordeboeke wat daar staan. Die Naam van YAH / YAHUSHA is uitgehaal weens die ontsag daarvoor en toe plaas hulle 'n ander naam in die plek daarvan *(Kyk gerus in die H.A.T. woordeboek).* Die anti Nasaréner het hulle slag geslaan in die Skrifte *(Bybel)* deur hulself voor te stel as "J*sus Christus" en so ook die naam"Here en God"2 Joh.18,22; 4:3. YAHUSHA is 935 keer vervang met J*sus. Dié Gesalfde is 528 keer met Christus vervang. YAH is 6568 keer met Here. God het sowat 3549 ingekom. So het die 'anti' die vals naam"J*sus Christus" kruise en Sondag-aanbidding ingebring.

Nou moet die wat dié name gebruik oplet! Dink net daaraan dat ons voorouers die hele tyd deur baal of die songod gebid het. 2 Kon.10:19; Jer.2:8; 12:16,17; 23:13,14,27; Hos.2:16,17;Sef.1:4 ens. Wat nou wel gebeur is dat hierdie openbaring hulle almal reeds uitwys in die vlees. Bemoedig julself in 1 Pet.5:7; *Werp al julle bekommernisse op Hom*. Ons Koning kom en Sy naam is YAH. YH met klinker 'A' wat die verkorte Naam van VADER se Seun is. YAHUSHA beteken: YAH "Ek is" dié Ewig-lewende; Die 'U' beteken "my, jou of ons";SHA beteken 'Losser of Lossing' HalleluYAH

Roomse Bedrog

Konstantyn het in 324 n.M. ingegryp nadat daar ± 260 jaar lank met die (Yashar'EL) Nasaréners wreedaardig deur die Romeinse Keiser Nero gemors was. Nero kon in die 260 jaar nie slaag om die Nasaréners uit te roei nie. Die Rooms-Katolieke kerk het sy ontstaan gekry in Keiser Konstantyn die grote. Konstantyn het op daardie stadium baie gesukkel met geloof-eenheid onder die volk *(waarvan hy 'n sonaanbidder was).* In 325 n.M. stuur Konstantyn twee manne genaamd Osius en Cordoba na Nicaea in Bithymia 'Rome' waar daar deur hom 'n samekoms gereël was van ± 2048 priesters, diakens, akoliete en eksorsiste om eenheid te bewerkstellig.Die Nasaréners (Yashar'EL) was nie teenwoordig nie, maar wel hul geskrifte. Op die vergadering moes die 2048 lede 'n god kies uit hulle verskillende gelowe en 'n besluit is gelê op 'n koninklike tweeling naamlik "Judas Khrestus" en 'n Rabbi. Al die verskillende name en feestye moes dadelik verander, soos ons weet ook bv; Kersfees *(Nimrod se geboorte),* Paasfees *(vrugbaarheid godin)* en nog vele meer. Alle perkamentrolle *(rein geskrifte)* is stelselmatig vernietig deur die Rooms-Katolieke, waarvan hulle in die jare 1415 en 1559 met alle geweld toegeslaan het. Die Rooms-Katolieke het nie geweet dat die vertroosting in die Woord lê nie, nl: Ps.89:34 en vele meer. Soos bo is daar nog *(ander)* bewyse oor die Oorspronklike name, wat Ha satans kinders probeer onderdruk of verander *(J*sus = kleinseun van Zeus die son god of Nimrod.Christus of Christos = wat goed beteken en ook 'n son- idool Osiris)*

In 1609 het James, wat koning van Engeland was, ‘n begeerte gehad na Skrifte en het 54 mans afgevaardig om die ou geskrifte op te soek. Twee jaar later het hulle, hul bevindinge aan Sir Frances Bacon gegee, waarvan hy die fynere afwerking gedoen het as die ”King James Skrifte”.
In Engeland lê seker die oudste bekende Skrif in ‘n museum naamlik Sinai Bybel/Skrif. ‘n Persoon met die naam Tony Bushby het dié Skrif bestudeer en het ‘n ontstellende ontdekking gemaak dat daar 14800 verskille is tussen die Sinai Skrif en die King James Skrif. Ons nuut vertaalde Skrif lê net mooi ses vertalings verder weg vanaf die King James vertaling, en wat sê dit?

Kom ons kyk na ‘n paar van hulle simbole *(Deut.4:18):* Die duif, simboliseer die heilige gees ‘wat Semiramis voorstel’ (*Nimrod se ma*); Die vis, simboliseer die god Dagon ‘half man half vis’ (*Vrugbaarheid Ichthus*); Die kruis wat die vier windrigtings voorstel ‘Zodiac astrologie’ (*Teken van die son*); T vir Tammuz ‘vertikale streep of hout stel die manlike voor en die horisontale die vroulike voor’ ens; Die kersboom wat Nimrod se verjaarsdag verteenwoordig *(Sy gees is in die dennebome, Dennebolle = vrugbaarheid);* Die Maria en kindjie, Semiramis en Tammuz haar seun by haar seun Nimrod; Die paashasie en eier; ens.

Dié Gebooie van YAH Ex.20

Toe het YAH al hierdie woorde gespreek en gesê: Ek is YAH jou Skepper wat jou uit Egipte land, uit die slawe huis, uitgelei het.
1.) Jy mag geen ander gode voor my aangesig hê nie *(J*sus; Here; Moeder Maria; ens.).*
2.) Jy mag vir jou geen gesnede beeld of enige gelykenis maak van wat bo in die hemel is, of van wat onder op die aarde is, of van wat in die waters onder die aarde is nie. Jy mag jou voor hulle nie neerbuig en hulle nie dien nie; want Ek, YAH jou Skepper is ‘n jaloerse Skepper wat die misdaad van die vaders besoek aan die kinders, aan die derde en aan die vierde geslag van die wat My haat; en Ek bewys barmhartigheid aan duisende van die wat My liefhet en my gebooie onderhou *(Die kruisie om die nek; vissie op die kar en die duifie in jou Bybel of op jou kar).*
3.) Jy mag die Naam van YAH jou Skepper nie ydellik gebruik nie, want YAH sal die een wat Sy Naam ydellik gebruik, nie ongestraf laat bly nie. *(Om die Baal name te gebruik in die plek van YAH en om geld te ontvang in Sy Naam).*
4.) Gedenk die Shabbatdag, dat jy dit rein hou. Ses dae moet jy arbei en al jou werk doen; maar die sewende dag is die Shabbat van YAH jou Skepper; dan mag jy géén werk doen nie-jy of jou seun of jou dogter,of jou dienskneg of jou diensmaagd, of jou vee of jou vreemdeling wat in jou poorte is nie. Want in ses dae het YAH die hemel en die aarde gemaak,die see en alles wat daarin is,en op die sewende dag het Hy gerus.Daarom het YAH die Shabbatdag geseën en dit gereinig *(Saterdag is die Shabbat van YAH).*

5.) Eer jou vader en jou moeder, dat jou dae verleng mag word wat YAH jou Skepper aan jou gee *(Die Hemelse VADER en jou volk genote as moeder).*
6.) Jy mag nie doodslaan nie.
7.) Jy mag nie verbaster nie (*bloedvermenging/ trou met ander volke nie*).
8.) Jy mag nie steel nie.
9.) Jy mag geen valse getuienis teen jou naaste spreek nie (*skinder*).
10.) Jy mag nie jou naaste se huis begeer nie; jy mag nie jou naaste se vrou begeer nie, of sy dienskneg of sy diensmaagd, of sy os of sy esel of iets wat van jou naaste is nie.

Jy moet daaraan dink dat jy in Egipte land ‘n slaaf was, en YAH jou Skepper jou daarvandaan uitgelei het deur ‘n sterke hand en ‘n uitgestrekte arm; daarom het YAH jou Skepper jou beveel om die Shabbatdag te hou en Sy wet te onderhou. Daarom moet jy YAH jou Skepper liefhê met jou hele hart, met jou hele siel en met al jou krag. Jy moet jou naaste liefhê, want hy is soos jouself.

Vir inligting oor rhēma

Strong’s verwysing: G4487 ; rhēma ; hray'-mah From G4483; an utterance (individually, collectively or specifically); by implication a matter or topic (especially of narration, command or dispute); with a negative naught whatever: - + evil, + nothing, saying, word. rhēma = Niks gesegde woorde wat nul betekenis het en of boosheid na vore bring. Rhea = Goddess Mother (great Mother of the Gods)

Pasop vir die persone wat rhēma kry uit die Skrif, want dit is nie van VADER

Wat is Liberalisme?

a) Individuele vryheid.
b) Oppervlakkige lewensbeskouing.
c) Linksgesind en sluit maklik aan by Sosialisme.
d) Geen verskil in kleur of klas nie.
e) Die regering is baas en verder is almal gelyk *(klaas).*
f) Almal is gelyk op alle gebiede *(Al gaan daar groepe of volkere tot niet, glo die Liberalis nog steeds daaraan).*
g)Een god en geloof omrede almal broers is *(Val almal en alles aan wat daarteen is)*
h) Een wêreld-regering.
i) Doen weg met geskiedenis.
j) Vryheid, Gelykheid en broederskap.

YAHUSHA het gesterf aan ‘n enkel paal of boomstomp en nie aan ‘n gekruisde hout nie. Lees gerus in die King James: 1 Pet.2:24 *(Folterpaal was gebruik om die mens te folter, m.a.w. te slaan en seer te maak*). Die sodanige kruishout stel die vier windrigtings; die Zodiac kruis wat in die astrologie gebruik word; ‘n T vir die afgod Tammus wat die seun van Nimrod is; die vertikale streep of hout stel die manlike voor en die horisontale die vroulike voor, ens.

Die oorskrywe van die Skrifte (Bybel)

Jou pa was ‘n man wat baie in sy eie geskiedenis belanggestel het en homself daarin verdiep en self geskool het. Dit was so ryk aan ondersoeke en bevindinge dat dit vir die volgende persoon verstommend sal wees. Jy as kind het op daardie stadium ander belangstellings gehad, maar met sy afsterwe het jy op sy studiestuk afgekom. Met die lees van sy werke het daar in jou ook ‘n belangstelling ontketen. Jy vind sy werke ‘n bietjie baie moeilik, omdat dit nie in jou rigting was as kind nie. Jy begin om sy werk te verander sodat jy dit maklik verstaanbaar kan maak, en ook om sekere dele uit te laat wat vir jou onnodig en onbelangrik is. Jy skryf dit netjies oor om die ou papier van jou pa te vervang wat alreeds verslete is (*So is die oue vervang met die nuwe*).
Jou kind het in die teenoorgestelde as jy belanggestel, in die geskiedenis en het verder gaan studeer in daardie rigting van sy oupa (voorgeslag). Jy gee hom toe die oor geskrewe studiestuk wat jy het en wat hom toe verbly, want dit sal hom baie help met sy ondersoeke. Jou seun was op dieselfde vlak (golflengte) as jou pa (sy oupa) en met die lees van die werke het hy agterkom dat daar sekere werke aan gepeuter is en sekere werke vermis is. Teleurgesteld kom hy na jou om te hoor of daar nog studiestuk is. Jy sê toe nee jy het dit weggegooi weens die onverstaanbaarheid en twyfeling wat jy daarin gehad het. Hy antwoord jou in teleurstelling: Pa, as jy die onverstaanbare stukke net kon oorgeskryf het, en eenkant of saam met die andere bewaar het, dan was dit nou vandag daar vir my om dit verder te kon ondersoek, maar nou weens pa se oordeel is dit nie daar vir my as sy kleinseun nie. Verlore is oupa se gedagtes, idees en ondersoeke. Sy antwoord was swaar vir jou en jy kan ongelukkig nie herstel wat verlore is nie.

Nou ja, dieselfde scenario speel hom nou self af met die oorskrywe van die Skrifte. ‘n Sekere groep het Paulus se boeke heeltemal uitgehou in hulle boek wat hulle geskryf het om die oorspronklike Name in te skryf. Hulle het van die verlore boeke ook in hulle skrifte ingesit, maar weens die verandering in die skrif van die Skrifte stel dit diep teleur. ‘n Ander groep het Paulus in gelos, maar die skrywer het ‘n hele paar persoonlike sieninge van sy eie ook daarin geplaas wat my ook teleurstel.
So ek voel veiliger met die lees van die 1933 Afrikaanse vertaling en die 1611 King James skrif. Die vertalings het hulle foute, maar die geheimenisse is daarin vir die wat dit ondersoek (*En dit kan vind*). Indien jy van die ander Skrifte gekoop het, doen dit met eksegese na die 1933 vertaling. Openbaring 2:25 sê vir ons: Hou maar net vas wat julle het, totdat Ek kom.
(*As jy die nuwe testament lees, lees al die “God” name as VADER en die Eenheid sal makliker na vore kom; soos Petrus gesê het: wees versigtig oor Paulus. Ek voel dieselfde want ek is nie ‘n Paulus dissipel/volger nie, maar wel ‘n dissipel/volger van YAHUSHA*)

Wat is Redding of Lossing, en is dit vir almal ?

Om lossing te verduidelik/bewerkstellig is daar 'n paar stappe wat gevolg moet word. Daar moet met 'n verlore siel gewerk word sodat erkenning van oortreding bekend kan word en dat bekering/inkering kan intree(*Baie dink dit is saligheid wat intree waarvan saligheid Redding, heil, verlossing, behoud, behoudenis of in Engels "salvation" beteken*)

Wat is redding/lossing wat 'erkenning, bekering en inkering' is ?

1) Erkenning beteken: Belydenis, toegee, aanneem, aanvaar en getuig.
2) Bekering beteken: Van sleg na goed, tot inkeer bring, omskakel, terugroeping, ens. (Convert, reform, repentance, reclamation).
3) Inkering beteken: Ernstige selfondersoek, berou, in jou gedagte verdiep, nadink oor wat jy verkeerd gedoen het (Resipiscence, commune with oneself). Om die "redding" te beërwe moet die hele wêreld daarbuite nou Wetsoortreding besef hê en tot erkenning, inkering en bekering kom. Die oortreder voel dat almal daar buite verkeerd is om sy god te aanbid en moet nou hy oortuig word dat jou religie reg is.

Hulle moet nou losgemaak word van hulle geloofsoortuiging;Nou hoe gedaan?

Verlossing beteken: Redding, bevryding (Redemption, Deliverance wat ook afkoop, lossing, vrykoping, delging, aflossing beteken).

Los beteken: Red, bevry, losmaak, (deliver, release).
Losser: Redder, Bevryder (YAHUSHA dié Gesalfde) (Deliverer, Redeemer, Savior)
Lossing-werk: Reddingswerk, bevryding-werk (Work for Redemption).
Lossing: Vrystelling, loslating, ontslag (Discharge, redemption, unloading).

Die vraag is: Maar hoe word hulle nou losgekoop? (verlos)
Veronderstel dat die "verlore wêreldling" nou na jou toe kom en vra om gelos te word van wat hy of sy ook al aan behoort het. Jy wat die lossing-werk nou moet doen moet nou mooi dink waarvoor jy jouself gaan inlaat, want die verlorene moet nou lossing (*Resipiscence*) ontvang sodat redding (*salvation*) kan intree (*Lev.25:25,26 sê nabestaande is jou losser).*

Met die aanbieding kom die Hindoe en sy mense met vrae soos:
1) As ek nou moet "Erkenning" gee aan jou religie dat jou YAHUSHA die Gesalfde is (a) Het ek, of my voorouers Hom dan geken? (b) Hoekom is Sy Naam dan Hebreeus en my voorgeslagte was nog nooit Hebreër nie. (c) As jy iemand moet erken moes jy hom tog al voorheen gesien het of beleef het.
2) As ek nou moet "Bekeer" (a) Waarna moet ek nou bekeer? (b) Beteken bekeer dan nie terugroeping na wat jy gehad het nie?
3) As ek nou moet "Inkeer", (a) Watter oortredinge het ek dan gedoen? b)Watter wette het ek oortree?(c)Was my god wat ek aanbid het dan YAH?

4) Julle wil my nou los laat koop. (a) Waarvan word ek nou gelos? (b) Hoe word ek nou los gemaak na iets wat ek nog nooit geken het nie.

Knaend wil die liberalis almal in sy hemel inkry en kort-kort loop hy hom vas teen al die vrae. Hy weet daar moet "erkenning", "bekering" en "inkeer" intree voordat daar gedoop kan word.

Hoe kan jy teruggaan na iets as jy nog nooit daar was nie? Hoe kan jy om verskoning vra aan iemand as jy hom nie seergemaak het nie? Hoe word jy nou 'n Yashar'EL en jy is nie van die twaalf stamme nie? Wat maak my nou 'n geestelike Yashar'EL as die Skrif sê bloedverwante of bloedskuld, stamboom, nageslag of bloedlyn? YAH sê: Vader van Abraham, Isak, Jakob en sy seuns die twaalf stamme. Hoe kan daar skuld betaal word as daar nie skuld aangegaan was nie? Hoe kan almal hulle skaam oor iets wat hulle nie eers van weet nie? (*Kan alle volke bloed in die gesig wys as hulle hul skaam*)? Hoe kan ander volke aansluit of inskakel as daar alreeds 'n Verbond met Yashar'EL gesluit was? (*'n Verbond is mos waar daar twee partye met 'n getuienis 'n kontrak opstel*). Eers erkenning, bekering, inkering, dan die doop voor Lossing kan intree (Salvation came after Redemption).

So moet julle bid *(Mat.6: 9 tot 13 / Luk.22: 1 tot 4)*

**U, ons VADER wat woon in dié hemele,*

**Laat U Ewige Naam "YAHUAH" weer gewyd en afgesonder wees as 'n toevlugsoord vir U uitverkore;*

**Laat U heerskappy weer kom na ons hier op aarde soos daar by U in die Hemele;*

**Laat U wil geskied, dat U uitverkore voor U aangesig kan speel en jubel;*

**Gee U uitverkore brood om van te lewe en so ook kos vir ons honger siele vir vandag en so ook vir more se behoeftes;*

** Vir ons oortredinge vra ons met berou vergifnis, en 'n hernieude hart, sodat ons, ons oortreders kan verwewe;*

**Toets en beproef U uitverkore, maar met mate o VADER;*

**Beskerm U uitverkore teen die bose-een sodat terugkeer na U altyd moontlik sal wees;*

**Aan U behoort die ewige heerskappy, krag en lofprysing;*

**Deur dié geloof in U Seun en U Naam, YAH, YAHUAH, YAHUSHA smeek ons versoening;*

Nogtans nie ons wil nie, maar Laat U wil geskied 'HalleluYAH'.

12.

Geld wat aan VADER behoort

YAH vra ‘n 10 de van die 11 stamme se inkomste wat hulle vir die Leviete moes gee, en die Leviete moes op hulle beurt ook hulle tiendes gee. Die Leviete was die geestelike-regering oor die Yashar’EL, waarvan YAH die Koning was. Hulle het fisies en direkte opdragte ontvang ‘en uitgevoer’ soos YAH dit verlang het. Yashar’EL wou ‘n ander koning hê en YAH het hulle toegelaat, maar gewaarsku dat ‘n koning ook gelde gaan wil hê, en dat die tiende steeds staan. 1 Sam. 8: 5-7; Met die koninklike heersers het die tiende steeds na die Leviete gegaan, wat YAH se Wetgewers was. Soos ons weet het afvalligheid gekom en die Levitiese orde het verval. YAH het hulle toe verlaat (geskei) en die huwelik-verbond was toe tot niet, maar nie die Wet aangaande die 10 de nie *(As ons Matt.22.21 reg lees sien ons dat die 10 de aan VADER behoort*). As jy geld aan YAH beloof moet jy dit ook nakom anders gaan jy soos Ananías en sy vrou met die dood daarvoor betaal. Hand.5:1-10.

Nou is die vraag, maar hoe kan ek nou my tiende gee? Die regering van die dag is nie ons volk of nasie nie. Rig.9:8-15 en daarom kan jy nie jou tiende aan hulle gee om ons te regeer nie.

Kom ons kyk eers gou wat is die tiende en wat is offergawe. Jou offergawe is wat jy aan jou naaste se behoefte spandeer. Matt.25:35, 36 Die tiende is wat aan VADER behoort. Baie sê dat die tiende opgedeel kan word uit daad, materie en geld; maar ek sê vir julle dit is ‘n tiende uit elke van hulle! ‘n Tiende of offergawes moet nie net uit geld bestaan nie, maar uit alles wat jy besit of bekom het. Lev.27:30; Luk.18:12 (*In Gen 47:14 – 25 leer ons dat ons alles moet verkoop soos die Egiptenare om te kan “Lewe”*).
Die antwoord op die tiende wat aan VADER behoort is dat jy dit nou self direk aan VADER moet gee (*onthou ons het nie ‘n Koning nie, want ons het Hom oor die hoof gesien en ‘n aardse gekies).*

Ons het nou priesters in ons huise geword waarvan ons deur YAHUSHA verantwoordelik is oor ons inkomste en ons uitgawes. Open.1:6 Daar is verskillende maniere hoe jy die tiende kan gee. Begin met die koop van ‘n klomp 1933 vertaalde Skrifte en deel dit verniet uit tussen jou (Yashar’EL) mense. Druk DVD’s of pamflette wat die verkondiging van die koninkryk voorstaan (*Kontak my en ek sal u goed stuur wat u kan dupliseer*). Gooi brandstof in jou voertuig as jy mense gaan besoek oor die verkondiging van die Koninkryk. Maak gesamentlik bymekaar en reël ‘n kamp wat die Koninkryk kan bevorder. Spandeer dit op lugtyd, op ‘n radio, ens., m.a.w. die tiende wat aan VADER behoort spandeer dit op Hom en die Offergawe is wat jy aan jou naaste spandeer(*Die een is Horisontaal en die ander is vertikaal).*

Bid dat VADER jou leiding sal gee in jou soeke hoe om Sy tiende te gee en dat Hy Sy Seun weer spoedig sal stuur as YAH ons Koning!

Bedink dit